Deur die getroue werk van elke onderwyser was die klaswerk op 'n baie hoë peil gehou. Sommige van die onderwy-

sers het swaar laste gedra. Alhoewel goeie werk gedaan was mag dit goed wees om die wenslikheid aan die hand te gee van 'n inspeksie deur iemand buite die skool, dog onder die beheer van die denominasie. Ek voel dat die raad hierin moet voorsien.

Die staf het 'n hoë standaard in die toekening van punte gehandhaaf soos blyk uit die feit dat daar in die finale eksamens 125 grade was wat benede die vereiste standaard geval het. Daar was 28 studente wat nie daarin geslaag het om die vereiste 70% punte te behaal wat nodig is vir bevordering nie; 22 studente het in drie of meer vakke gesak en 21 studente het in een of twee vakke gesak. Agt-en-sewentig studente, of 64% het in geen een van die onderwerpe gesak nie.

Ek het hierdie syfers aangehaal om te bewys dat die bewering dat Helderberg te maklik punte toeken en dat ons maar baie selde studente laat sak, ongegrond is.

Die studente is bevredigend verdeel oor die verskillende klasse. Van studente bokant standerd ses is daar

16%	in standerd VII
20%	in standerd VIII
18%	in standerd IX
14%	in standerd X
30%	in die kollege klasse.
2%	neem die spesiale kursus.

Vergelykenderwys is daar maar min in standerd VII. Daar is 26 studente in klasse onder standerd VII.

Ons het die jaar geëindig met 148 studente, terwyl die inskrywing aan die begin 161 was—'n verlies van 19 studente of 8% vergeleke met 20% in ons junior kolleges oorse.

Vyftien van die studente, wat die kollege bygewoon het, se ouers is nie Adventiste nie. Omtrent ses van hulle (die studente) is nog nie Adventiste nie. Agt-en-dertig studente—of 24%—het uit huise gekom waar net een van die ouers aan die genootskap behoort, vergeleke met 19% die vorige jaar, en 17% in 1932.

Die Bouwerk

Goeie vordering word gemaak met die bouery. Die woonhuis van vier kamers was klaar toe die skool gesluit het. Omtrent vyftien studente het vir die somer agtergebly en daar word goeie vordering

gemaak met die nuwe eetsaal en onderwyserswoning. Hierdie bouwerk sal heelwat werk verskaf gedurende hierdie jaar. Die verandering van die eerste verdieping van Meade Tehuis in slaapkamers vir studente moet ook nog gedoen word.

Een van die groot behoeftes waarin nog nie voorsien is nie, is 'n geskikte gebou vir die Normaal afdeling. Die plek wat op die oomblik gebruik word is nie geskik nie—dit is in die onderste verdieping en gedeeltelik ondergrond. En dan nog is die aanwesigheid van die primêre studente in en om die hoofgebou, uit verskillende oogpunte ongewens. Daar is groot gebrek aan meer oefenkamers vir die normaalstudente. Ek voel dat die skoolraad planne behoort te beraam om in die nabye toekoms in hierdie behoefte te voorsien.

Daar is ook groot behoefte aan 'n siekehuis van vier kamers in geval van aansteeklike siektes. Baie siekte kan vermy word as daar so'n gebou is.

Drie-jaar Kursus

Die idee van 'n drie-jaar kursus is op verskeie maniere begroet. Baie sien op teen die ekstra onkoste, maar ek dink dat dit oor die algemeen byval sal vind, veral as daar meer krediet gegee sal word met die oog op die verwerping van 'n graad. Die beroepsvakke wat by die verskillende kursusse gevoeg is, het groot byval gevind.

In verdere verband met die driejarige kursus glo ek dat ons so gou moontlik 'n wyer keuse van onderwerpe moet aanbied as wat op die oomblik die geval is. Die vernaamste struikelblok in die weg hiervan is die beperkte personeel. Aangesien die werk van standerd VII tot X grootliks dien om 'n fondament te lê, sal dit nie nodig wees om hier ekstra onderwerpe by te voeg nie, maar dis in die kollegekursusse waar dit gewis nodig is.

Ons Behoeftes

So gou as moontlik behoort die skoolraad hul aandag te skenk aan die verskaffing van uitrusting en gereedskap om mee te werk. Die geboue en die verfraaiing van die gronde het tot dusver die aandag geniet. Ons sal eerlank die biblioteek moet uitbrei, en die uitrusting van die laboratorium moet aanvul, asook die van die huishoudkundige, die naaldewerk, en die houtwerk afdelings. Vir die biblioteek alleen is daar jaarliks, vir 'n aantal jare, £100 nodig vir nuwe boeke. Die biblioteek is nog ver benede die peil wat die Wêreldkonferensie Opvoedingsdepartement gestel het vir junior kolleges.

Ons voel dat die skoolraad, wat betref die opbou van die kollege, 'n baie liberale en simpatieke houding openbaar het. Daar is baie gedoen; dog om so'n inrigting behoorlik uit te rus, is die werk van jare se onafgebroke inspanning. Ons besef dat die geestelike belange eerste plaas gegee moet word, maar waar ons die geestelike sy handhaaf, moet ons ook toesien dat ons werkers oplei van wie die hand, hart, en verstand eweredig ontwikkel is.

'n Onlangse Besluit van die Helderberg Kollegeraad

J. F. WRIGHT

Voorsitter van die Raad

SOMMIGE van ons werkers en leke het al vir jare gevoel dat die Kollegeraad behoort stappe te neem om dit moontlik te maak vir studente wat dit verlang om die Matriekulasie eksamen te neem. Hierdie probleem is onlangs oorweeg deur 'n groot verteenwoordigende kommissie wat spesiaal vir die doel benoem was.

Dit is onmoontlik om in hierdie uitgawe van die *OUTLOOK* op die rapport van die kommissie in te gaan, maar ons wil meedeel dat die Divisiëkomitee en die Kollegeraad, na ernstige oorweging van die probleem, die rapport van die kommissie aangeneem het. Die hooftrekkende van die rapport sal in 'n later uitgawe van die *OUTLOOK* verskyn.

Nou dat hierdie uitgawe ter perse gaan, wil ons net aankondig dat voorsiening gemaak sal word aan die begin van die skooljaar 1935 vir studente wat dit verlang om die Goewermentseksamen af te lê. Spesiale onderrig gedurende die somervakansie sal gegee word vir hierdie doel.

Ons vertrou dat hierdie besluit van die Kollegeraad en die Divisiëkomitee ons kollege sal in staat stel om hierdie groter diens, wat baie van ons mense verlang, aan die veld te bewys. Meer sal later oor hierdie saak verskyn.

Buurtsending Dept

F. E. Potter, *Sekretaris*

Goëe Vordering

F. E. POTTER

DIE getroue manne en vroue van die leesstofbediening het ernstig en ywerig gewerk verlede jaar, en, ten spyte van baie moeikhede, het hulle heelwat teruggewin van wat ons gedurende die drie jare van depressie verloor het. Die jaar 1930 was ons puikjaar; daardie jaar het ons boeke ter waarde van £18,407 verkoop. Die drie daaropvolgende jare toon 'n aansienlike vermindering aan, met maar net £12,159 in 1933—die laagste sinds 1926. Vir die pas verstreke jaar sal die totaal op £17,000 staan,—wanneer al die rapporte in is—en ons kolporteurs verdien alle lof vir die prysenswaardige prestasie. Gedurende 1935 sal nog groter pogings aangewend word om die sirkulasie uit te brei van ons boeke en blaie wat so 'n groot rol speel in die verkondiging van die waarheid.

Ons kerklede kon die leesstofbediening nog verder aanhelp as meer van hulle ons kleiner boeke en tydskrifte verkoop in hulle buurt. Ons het werklik 'n groot verskeidenheid leesstof wat voorsien in die behoeftes van alle klasse. Die *Sentinel* Uitgewers-

Maatskappy sal aan elke leser van die *OUTLOOK* hulle jongste katalogus kosteloos stuur. Hierin sal u 'n hersiene lys van ons publikasies vind met 'n kort oorsig van elk, saam met die prys. Ons wil ons lesers dit op die hart druk om hierdie katalogus sorgvuldig deur te kyk om te sien of daar nie een of ander boek, tydskrif of traktaat is wat u onder u bure kan verkoop nie. Skrywe dan aan die Veld Sendingsekretaris p/a Posbus 256, Bloemfontein, en alle informasie en besonderhede in verband met die werk sal verskaf word.

Daar is baie van ons mense oral wat siele kan win deur middel van die leesstofbediening as hulle net die werk in geloof wil aanpak en die vrees dat hulle nie sal slaag nie laat vaar.

„Sukses! Dit word in die siel gevind,

En nie in die land van geluk!

Die wêreld gee jou die werk, my vriend,

Maar die durf vir die daad kom van jou.

Jy kan alles doen wat jy dink jy kan,—

As jy net wil sien soos jy moet—

Dit hang net af van jou wil, jong man,

En die moed waarmee jy dit pak.”

Een van ons leke susters het verlede jaar drie siele vir die waarheid gewin. Dit was vir haar 'n bron van inspirasie en troos om teenwoordig te wees toe hulle gedoop is. Hierdie suster is 'n invalide en haar gesondheid is in 'n bedenlike toestand, nogtans vind sy tyd om onder haar bure te werk. Ten spyte van pyn en ongemak gaan sy uit met ons leesstof en vertrou op die Here om haar krag en wysheid te gee om die werk te doen. Haar sukses is te danke aan die feit dat sy voel dat sy deur die genade van God wel in staat is om siele te win. Wil u nie ook so voel nie? Sal u nie die Here toelaat om u te gebruik om in u omgewing een of ander arme siel vir Sy koninkryk te win nie?

Onse student-kolporteurs het 'n pragtige werk gedaan gedurende 1934 en dis baie bemoedigend dat daar 'n moontlikheid bestaan dat 'n aantal beurse sal gewin word. Bid tog daeliks vir die leesstofbediening.

S. A. Unie-Konf.

President

J. E. Symons, Sekr.-Tes.

Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

'n Onderhoud met die Mediese Sekretaris

„Dit is die sedelike plig van diegene wat kook om te leer om gesonde voedsel op 'n verskeidenheid van maniere voor te berei, sodat dit smaaklik sowel as gesond kan wees.”—*„Counsels on Health,”* bls. 116.

Ontbyt is die eerste maal van die dag. Pap en melk, brood en botter, en vrugte, vorm 'n smaaklike en gebalanseerde ontbyt. Die pap kan hawermeel, meliemeel,

mabela, een of ander vorm van koring, „cream of wheat” of semolina wees, na u persoonlik verkies. Dit is verstandig om nie te veel suiker by die pap te voeg nie. 'n Gesonder manier om dit soet te maak is om dadels of sultanas te gebruik. Te veel wit suiker is ongesond; dit verstop die gestel.

Melk is op sigself 'n goed-gebalanseerde voedsel. Maar tensy dit uit 'n suiwer bron afkomstig is en higiënies gehanteer word, met groter sorg en reinheid as wat die geval is op die meeste plase waar die melkery aan die volk oorgelaat word, moet ons onthou dat dit veiliger is om ons melk te kook. Dit is waar dat ons die vitamines vernietig deur kook maar dit is 'n kwessie van die minste van twee ewels. 'n Ander metode is om die melk te pasteuriseer, d.i. om dit tot 142 grade fahrenheit te verwarm vir minstens 30 minute en dan skielik af te doel. Dit steriliseer die melk nie, maar vernietig tog al die gevaarlike kieme—die wat die siekte veroorsaak wat deur melk oorgedra word—en dit vertraag ook die aangroei van minder gevaarlike kieme.

Die beste manier om pap te kook is in 'n dubbelde kastrol. Maak dit deur die melk in die kookwater in die boonste kastrol te roer. Laat dit 'n rukkie op die vlam kook, sit dit dan op die onderste gedeelte van die kastrol en laat dit vir drie uur stoom. Dra sorg dat daar altyd voldoende water in die onderste gedeelte is.

Vir groeiende kinders is ontbyt die belangrikste maaltyd van die dag. Hulle moet voldoende growwe brood, vars botter, en 'n glas melk by hulle pap hê. Vir 'n verandering kan 'n eier twee- of driekeer per week by die ontbyt gevoeg word. Kaalgekookte of gewone sag gekookte eiers is die beste. Hardgekookte en gebakte eiers is minder verteerbaar. Te veel eiers is nie goed nie, want hulle is nogal stimulerend, veral vir kinders.

Ontbyt moet op die tyd bedien word en kinders moet voldoende tyd kry om goed te kou en te sorg dat hulle opelyf kry voordat hulle skool-toe gaan. Hierdie dingetjies is van die grootste belang vir die gesondheid van die gesin. Gestooftde vrugte kan saam met pap geëet word. Dit is 'n goeie plan om elke maaltyd vrugte te hê, terwille van die vitamines. “Die Here verlang dat diegene wat in lande woon waar daar byna die hele jaar deur vars vrugte verkrygbaar is, die seëninge wat hulle in die vrugte het, sal te baat neem. Hoe meer ons vertrou op die vars vrugte net soos dit van die boom gepluk word, hoe groter sal die seën wees.”—*„Counsels on Health,”* p. 473.

Volgende keer sal ons oor die middagetse gesels.



„SATAN trag voortdurend om ons aandag op mense te vestig in plaas van God. Hy beweeg die mensdom om op biskoppe, leraars, en professore van teologie te vertrou om hulle te lei instede van self die Skrifte te ondersoek om vir hulself uit te vind wat hul plig is.”—*E. G. White*,

Kaapse Veld

L. S. Billes Superintendent

Good Hope Opleidingskool Sluitingsplegtighede

P. H. MANTELL

Die sluitingsplegtighede van die Good Hope Opleidingskool het plaasgevind van 7 tot 9 Desember. Ses studente het graadueer en diplomas ontvang vir die Primêre Normaalkursus.

Toewydingsdiens

Op Vrydagaand, 7 Desember het Leraar L. S. Billes die toewydingsdiens gehou in die Soutrivierse kerk wat eenvoudig dog smaakvol versier was in blou en ivoor. Voor die preek het Mej. J. Less „Nearer My God to Thee” gesing. Leraar Billes het gepraat oor die bou van die geestelike tempel van God, waarby die Woord die opbouing van Gods kerk deur die eeue heen vergelyk. Die aandag was gevestig op die plek van Christus in die gebou; Hy is self die hoeksteen, in Wie die hele gebou, saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here. Hy is die enigste veilige fondament in hierdie twintigste eeu; die Rots wat die storms van die eeue weerstaan het.

Die opbouing van die tempel was lewendig voorgestel. Die bouliede het hulle materiaal gebring uit die wêreld se groot steengroef van siele en die dissipels van alle eeue het 'n edele werk gedoen, maar die gebou is nog nie voltooi nie. Hierdie geslag moet die werk klaar maak. Kan ons ons meet met die bouers wat ons voorgaan het? Besit ons die moedige krag, pligsgetrouheid, helder-siende geloof, en suiwer geestelikhed van daardie stoere manne en reine vroue? Die klas het kortliks dog ernstig geantwoord op hierdie kragtige oproep, en die indrukwekkende diens is afgesluit met die innige sangsolo „God Keep Thee Pure” deur Mej. L. Adams.

Klaspreek

Op Sabbatagtermiddag het Leraar A. E. Nelson die klaspreek gelewer in die Soutrivierse kerk. Die klas se leuse: „Karakter is die enigste ware diploma” was die onderwerp van die preek en die spreker het gewys op die opvoeding van die wêreld met die nadruk op verstandelike en kulturele ontwikkeling en die betrouenswaardige verwaarloosing van karakterbouing. Daarmee het hy kontrasteer die beginsels van Christelike opvoeding wat Sewende-dag Adventiste huldig, wat die harmonieuse ontwikkeling van die geestelike, morele, verstandelike en liggaamlike kragte beoog. Die beste karaktervorming vind plaas, het hy gesê, as daar ware geestelike groei in die lewe is. Karakter is die paspoort tot 'n nuttige lewe hier en verleen eindelijk 'n

ingang tot die hemel. By die diens het Mej. V. Wasser „The Beautiful City” gesing en die kerkkoor „Living for Thee.”

Die klasprogram was gegee op Sondag-aand, 9 Desember, in die Forrestersaal, Woodstock. Die verhoog was eenvoudig dog fraai opgemaak. Die kleurskema was blou en ivoor. 'n Groot aantal bloedverwante en vriende was teenwoordig. Na die prossiemars wat Mej. A. V. Sutherland gespeel het, het die Wynbergse kerkkoor „White Pages Before Us” gesing. Kenneth Landers het voorgestaan in die gebed en Ben Abney het die aanwesiges verwelkom. Mej. L. Adams het die gedig „God Forward” voorgedra, waarin sy die klas aangemoedig het om in die Meester se wingerd te werk. Sy het ook die lied „Father of Light” gesing. A. G. Kohen het gepraat oor die uitgestrekte arbeidsterrein wat die Kaapse Veld aanbied, Gilbert Marks het in 'n skitterende toespraak getoon dat „Karakter die enigste ware Diploma is,” en Kenneth Landers het op 'n indrukwekkende wyse gepraat oor „Higher Heights to Attain.” Peggy Damon het die geskiedenis van die klas geskets. Die klaslied was deur die klas self gekomponeer. Victor Heeger het die klasgedig voorgedra en die afskeidsrede gevoer.

'n Mannekwartet het die gepaste oproep tot diens „Hear the Trumpet Calling” aan die einde van die program gesing.

Mnr. R. Buckley het toe die diplomas uitgereik en die president van die klas het met 'n woord van dank—gerig tot die staf, die leraars, die ouers en almal wat die klas hulp verleen het—die verrigtinge afgesluit.

Die items het 'n diepe indruk gemaak en lewendig die hoë ideale van ons jongmense voorgestel. Baie van die ouers wat teenwoordig was, het besluit dat hulle met hernude moed en opoffering sal werk om hul kinders 'n Christelike opvoeding te gee.



Doopdiens te Kaapstad

A. G. KOHEN

SONDAG, 16 Desember 1934 was vir ons 'n heuglike dag. In die kerk te Kaapstad is daar veertien kostelike siele deur die doop aan die kerk toegevoeg. Leraar L. S. Billes wat die diens waargeneem het, het gepreek uit Lukas 17:20, 21. Hy het daarop gewys dat die koninkryk waarin Christus regeer nie van die wêreld is nie; dit is die koninkryk van die hart. Dit is die regering van Christus in die koninkryk in ons wat ons voorberei vir die heerlike koninkryk van die toekoms. As ons die koninkryk van Christus op aarde intree, kom daar 'n groot geestelike verandering in ons lewe. Die ou ingebore onderwerping aan die vlees word oorwin deur die inplanting van Christus se natuur in ons. Die boetvaardige sondaar, eers so verdorwe en afskuwelik, word vernuwe na hart en verstand, en word die tempel van die Heilige Gees. Daarom het Jesus gesê, „Julle moet weer gebore word.” “Gebore uit water en Gees.”

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON _____ Editor
MRS. J. L. MILFORD _____ Asst. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS
J. F. Wright _____ President.
A. E. Nelson _____ Treas. and Auditor
A. F. Tarr _____ Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge _____ Medical Secy.
M. P. Robison _____ Ed. and M. V. Secy.
F. E. Potter _____ H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison _____ Religious Liberty Secy.

Diegene wat hierdie koninkryk ingaan vorm die geestelike liggaam van Christus, die kerk van God op aarde. As 'n uitwendige bewys van hierdie kragdadige geestelike wedergeboorte, vorm die doop die begin van 'n loopbaan waarin ons opwas in die genade en met God wandel totdat ons die koninkryk beërf.

Die meeste van die dopelinge was belangstellendes wat Leraar Staples se dienste laas Februarie in Woodstock bygewoon het.

Leraar D. F. Tarr het deelgeneem aan die diens. Ons wil die lede van die Kaapstadse kerk ons dank betuig vir die uitnodiging om saam met hulle te aanbid by hierdie geleentheid.



Integrity Rewarded

THE Lord tests His people in various ways concerning the observance of the Sabbath. An incident we have just come across shows how one person was tested, how he stood the test, and finally how his integrity was rewarded. We quote the experience as follows:

"Elder Kaplan gave an appealing talk on 'The Home of the Saved' at which time he exhibited a large picture painted by himself. The picture represented a scene in the new earth as it is depicted in the Bible. At the close of his lecture, he made an appeal for those to raise their hands who wished to take their stand for the truth. Five responded. One of these was a young married man who works in a large New York department store. He had an interesting experience to tell. He said that having determined to keep the Sabbath, he recently went to the head of his department and said, 'I am resigning my position next Friday.' 'Why?' asked the man in surprise. 'Because I am joining the Seventh-day Adventist church, and from now on I am going to keep the Sabbath.' When the manager became convinced that he was really in earnest, he said, 'It may not be necessary for you to resign at all. Let's go to the head manager and see what can be done about it.' The conclusion of the matter was that he re-

ceived permission to have the Sabbath off, and was also admonished to continue to stand for his principles."



The Soul-Winning Teacher

A. F. TARR

Is your work as a Sabbath school teacher a success? Are you satisfied with what you are doing for your class—spiritually as well as intellectually? Or are there problems which come up in your work which you do not know how to meet, and which if solved would lighten your burdens and give you greater confidence in your teaching? Here is one test by which to measure your success: "The real test of a teacher's work is not what he says to his pupils, but what his pupils say and do as a consequence of his teaching. . . . Teaching fails of its purpose if it does not affect decision, and change the standards and purposes of the pupil." As you measure your work by this test can you say that it has been a success? Is your class being moulded after spiritual things as a result of your teaching?

The quotation used above is taken from the new book, "The Soul-Winning Teacher" (L. Flora Plummer, Publishers Fleming H. Revell Co.) an advance copy of which has just been received. Following closely the title of its predecessor, that splendid book, "The Soul-Winning Sabbath School," but leaving the more general field of Sabbath school problems, the new book applies itself to the specialised work of the Sabbath school teacher.

Practically every problem of teaching is dealt with, and all in a most simple and attractive way. It avoids completely that element of professionalism that makes so many otherwise suitable books irksome reading to the average Sabbath school teacher. To the teacher who has difficulty in making the class period interesting, to the one who is at a loss to know how best to prepare his lesson, to the kindergarten teacher especially who needs help in maintaining order and in sustaining interest but above all to that earnest band of teachers who seek to enter more fully into the experience needed as under-shepherds to the flock, this little book will come as a veritable godsend.

In it the work of the teacher is raised above the level of an instructor; it becomes the training of pupils "in Christian habits, and to think and act as Christians"—the leading of the pupils "all the way to Jesus." Nor is this presented in a merely theoretical way. Practical suggestions are offered which enter into the minutest details of the teacher's life, his dress, his daily deportment, his conversation, his preparation for class, his social life, his mental habits, in fact everything that has a bearing upon his ability, mental, moral or spiritual. It emphasises with a forcefulness one seldom finds, the calling to be a teacher of the things of God to the pupils entrusted to one's care.

One cannot read the book without earnestly wishing that some means might be devised to ensure that every teacher and Sabbath school officer might have it in his possession and use it constantly as a guide and a measuring rod for his work. Every succeeding paragraph that one reads seems to intensify this wish.

The "Soul-Winning Teacher" and the "Sabbath School Worker" constitute the Sabbath School Teachers' Training Course for 1935. We heartily commend it to every teacher and officer. And after you have begun the course watch for the improvement in your school. The book contains 192 pages, and the price is 6/-. Order through your Book Depository. The first lessons appear in the January number of the Sabbath School Worker.



Nursing Work

WILL applicants please note that all present vacancies in the Government Hospital at Maritzburg for male nurses are filled. No further vacancies are likely for a year, so applicants are advised NOT to depend or wait for same. Should an unforeseen vacancy occur, unsuccessful applicants, whose applications have been filed, will be notified individually, in due course.

DR. E. W. INGLE.



Notice

OCCASIONALLY it is necessary for workers and laymembers in the Union of South Africa to send money to individuals residing in the Rhodesias. In order to help all concerned we should like to suggest that when remitting money to Rhodesia it be done by Money Order or British Postal Order as there is no exchange on these. Do not remit Union Postal Orders for these are payable only in the Union of South Africa.

Obituary

FREDRIKA JORDAAN.—Died at Cape Town on the 21st ultimo at the age of 58 years, and was laid away to rest at Woltemade on the following day, Sabbath.

It was about 26 years ago that the deceased accepted the message under the writer's labours at Salt River, and became a member of the Salt River church.

Through domestic troubles she was left alone to struggle with her three children, but her faith in God and in His truth sustained her. The writer, assisted by Brethren Kohen and Jackson spoke words of comfort to the family and friends from Revelation 14:13, "Blessed are the dead that die in the Lord."

D. C. THEUNISSEN.